1

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2024

# GRAAD 10

**EKONOMIE**

**VRAESTEL 2**

DRAFT

**TYD:** 1½ uur

**PUNTE:** 100

**10 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord DRIE vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK.

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord EEN van die twee vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde bo die vereiste hoeveelheid sal NIE gemerk word nie.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die vrae aandagtig deur.

5. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

6. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

DRAFT

**AFDELING A: VERPLIGTEND**

**VRAAG 1** **20 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 ŉ Monopolie word gekenmerk deur ...

A differensiasie van produkte.
B volmaakte inligting van produkte.
C homogene produkte.
D unieke produkte.

1.1.2 Die nut van ŉ goed of diens om ŉ menslike behoefte of gebrek te bevredig.

A Waarde
B Prys
C Bruikbaarheid
D Bevrediging

1.1.3 ŉ Aanvullende produk van brood is ...

A rys.
B pizza.
C botter.
D meel.

1.1.4 Watter van die volgende is ŉ voorbeeld van ŉ indirekte belasting?

A Maatskappye-belasting.
B Belasting op toegevoegde waarde.
C Inkomstebelasting.
D Staatsbelasting.

1.1.5 Wanneer ŉ minimum prys in ŉ ekonomie ingestel word, lei dit gewoonlik tot ...

A ŉ oorskot van die produk.
B ŉ groter vraag na die produk.
C ŉ tekort aan die produk.
D laer pryse as wat die mark sou bied. (5 x 2) (10)

DRAFT

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met die item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.2.7 H

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Aanbod | A Die gebruik van wetenskaplike kennis vir praktiese doeleindes. |
| 1.2.2 Ewewig | B Die punt waar die hoeveelheid wat gevra word, dieselfde is as die hoeveelheid wat verskaf word. |
| 1.2.3 Geleentheidskoste | C Die studie van die gedrag van individuele besluitnemingseenhede. |
| 1.2.4 Subsidies | D Die waarde van die alternatief wat jy nie gekies het nie en prysgegee het toe jy ŉ keuse moes maak. |
| 1.2.5 Marginale nut | E Bykomende bevrediging verkry deur die verbruik van een ekstra eenheid van ŉ goed. |
| 1.2.6 Mikro-ekonomie | F Die hoeveelheid verkoop teen ŉ sekere prys binne ŉ sekere tydperk. |
| | G Betalings deur die regering om die produksie of gebruik van ŉ produk of diens te bevorder. |

(6 x 1) (6)

1.3 Gee EEN term vir ELK van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde SAL NIE aanvaar word nie.

1.3.1 ŉ Skool wat geen fooie betaal nie, is deel van hierdie sektor.

1.3.2 ŉ Mark met baie verskaffers wat homogene goedere verkoop.

1.3.3 Markte is nie beperk tot ŉ spesifieke land nie.

1.3.4 Al die hulpbronne in die ekonomie word effektief gebruik. (4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

DRAFT

**AFDELING B**

**Beantwoord enige EEN van die TWEE VRAE in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE tipes subsidies wat die regering toestaan. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is dit onmoontlik vir ŉ enkele verkoper om die prys van ŉ produk in ŉ volmaakte mark te beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Markstrukture in Suid-Afrika**




[Bron: ***https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2023-09-27-cartoon-transnet-engine-could-derail-sa/***]

2.2.1 Identifiseer die onvolmaakte markstruktuur waarin Transnet funksioneer. (1)

2.2.2 Noem EEN ander maatskappy wat in die bogenoemde markstruktuur funksioneer. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *monopolistiese mededinging*. (2)

2.2.4 Watter gunstige toestande kan besighede in die mark wat in die spotprent hierbo getoon word, geniet? (2)

2.2.5 Hoe word ŉ volmaakte mark gekenmerk op grond van die *aard van produkte* en *toegangshindernisse*? (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Produksie-eenhede van tafels en stoele**

| | **Tafels** | **Stoele** |
|---|---|---|
| **Produksie uitset (eenhede)** | 30 | 0 |
| | 20 | 15 |
| | 10 | 30 |
| | 0 | 50 |

2.3.1 Identifiseer die aantal tafels wat geproduseer kan word wanneer alle hulpbronne gebruik word om stoele te vervaardig. (1)

2.3.2 Noem die tipe doeltreffendheid as alle hulpbronne optimaal gebruik word. (1)

2.3.3 Verduidelik kortliks die term *Pareto-ondoeltreffendheid*. (2)

2.3.4 Wat is die doel van die produksiemoontlikheidskromme? (2)

2.3.5 Gebruik die tabel in die gevallestudie hierbo en bereken die geleentheidskoste as 20 tafels in plaas van 10 tafels geproduseer word. (*Toon alle berekeninge)* (4)

2.4 Verduidelik *die produksiekoste* en *aantal verskaffers* as faktore wat 'n verandering in die hoeveelheid aangebied veroorsaak. (8)

2.5 Ontleed die interne redes waarom 'n produksiemoontlikheidskromme na buite sal skuif. (8)

**[40]**

DRAFT

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE vereistes vir die vestiging van ŉ mark. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom verskaf die regering openbare goedere? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Marginale nut van hamburgers geëet

| **Hoeveelheid hamburgers** | **Marginale nut** |
|---|---|
| 0 | 0 |
| 1ste | 60 |
| 2de | 55 |
| 3de | 35 |
| 4de | 20 |
| 5de | 5 |
| 6de | 0 |
| 7de | -5 |

3.2.1 Watter hamburger gee die grootste bevrediging? (1)

3.2.2 Wanneer sal die verbruiker in die situasie hierbo dalende marginale nut ervaar? (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *marginale nutskromme*. (2)


3.2.4 Wat is die verband tussen nut en die vraag na ŉ produk? (2)

3.2.5 Gebruik die inligting uit die tabel hierbo om ŉ duidelik gemerkte marginale nutsgrafiek te teken. (4)

DRAFT

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Regeringsinmenging oor pryse**




**[Bron: *https://www.economicsonline.co.uk/definitions/maximum_price.html/*]**

3.3.1 Identifiseer die konsep wat met die letter "X" aangedui word. (1)

3.3.2 Wie stel maksimum pryse in Suid-Afrika vas? (1)

3.3.3 Verduidelik kortliks die term *minimum prys*. (2)

3.3.4 Waarom sou die regering 'n prys laer as die markprys vasstel? (2)

3.3.5 Hoe sal 'n vermindering in belasting die ekonomie bevoordeel? (4)

3.4 Onderskei tussen komplementêre en substituut produkte. (8)

3.5 Hoe het die implementering van minimumlone die werkers in Suid-Afrika bevoordeel? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg beoordeel word:

| **STRUKTUUR VAN OPSTEL** | **PUNTE-TOEKENNING** |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laer-orde reaksie.<br>• ŉ Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat verband hou met die vraagonderwerp te bepaal.<br>• Moenie enige deel van die vraag in die inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**:<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/Krities bespreek/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/ Debat | Maks. 26 |
| **Bykomende deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/evalueer/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek/Voltooi/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/lei/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/ Kortliks debat/Hoe?/Stel voor/Gebruik die inligting en argumenteer/ Debatteer | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige relevante gevolgtrekking van hoër orde wat die volgende moet insluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek/ontleed is sonder om feite wat reeds in die liggaam genoem is, te herhaal<br>• ŉ Mening of gewaardeerde oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTALE:** | **40** |

DRAFT

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek prysvorming in detail onder die volgende opskrifte:
  - Ewewigspunt, prys en hoeveelheid
  - Verandering in vraag
  - Verandering in hoeveelheid gevra (26 punte)
- Evalueer die rol wat tegnologie speel in vraag, aanbod en die prys van goedere en dienste. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die metodes wat die regering gebruik om in die ekonomie in te gryp in detail. (26 punte)
- Evalueer waarom die regering in die ekonomie moet ingryp. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

DRAFT

**EINDE**